

ProAgri

tegnologie vir die boer
technology for the farmer

No / Nr 316
ISSN 1042 - 1558

**Stroperresies 2026:
Hoogtepunte en volledige uitslae**

Gratis / Free

**Rekordhandelsoorskot van \$1,55 mrd.:
Wat beteken dit vir boere?**

**New Holland T8 en T9:
Trekkerkrag wat geen
grense ken nie**

 **PIONEER®**

Pioneer se nuwe droëland-geelkultivar:

P29050PW

www.agri4all.com

www.proagri.co.za



OORTREF VERWAGTINGE

DIE SPLINTERNUWE 5M-REEKS



105-145 PK – ONGEBONDE WERKVERRIGTING VIR ELKE TAAK

Ontdek hierdie veelsydige trekker wat doelgerig ontwerp is vir die uitdagende Afrika-landskap. Met tot 145 perdekrag en indrukwekkende wringkrag uit die doeltreffende AGCO Power-enjin, lewer die MF 5M die krag wat jy nodig het om grondbewerking, saai, hooimaak, laaiwerk en veeboertake moeiteloos te hanteer.

Kies tussen die gladde Dyna-4 transmissie vir koppelaarvyre skakeling of die betroubare gesinchroniseerde opsies. Uitsonderlike wendbaarheid met 'n stywe draaikring, hidroulika tot 98 L/min en volle laaigraaf-versoenbaarheid maak dit die ideale vennoot vir produktiwiteit. Die MF 5M is gebou vir uithouvermoë met lae bedryfskoste, 400-uur diensintervalle en beskikbare slimboerdery-tegnologie vir presisie stuur leiding.

Massey Ferguson 5M: Betroubaar. Doeltreffend. Gereed vir enige uitdaging.



[Skandeer die QR-kode vir meer inligting]

VIR MEER INLIGTING, BESOEK ONS WEBWERF OP
WWW.MASSEYFERGUSON.COM



reddot winner 2025



MASSEY FERGUSON

Beste ProAgri-lesers,

Daar is sekere dae op die landboukalender wat net anders voel ... dae wat jou herinner hoekom jy doen wat jy doen. Die onlangse Stroperreries was beslis een van daardie dae. Die beplanning, geesdrif, entoesiasme en opwinding onder landbouhandelsmerke wat betref goeie en gesonde kompetisie ... en uiteindelik het Case IH koning gekraai. Blaai gerus na bladsy 4 om meer te lees oor die hoogtepunte van vanjaar se Stroperreries.

Op ons voorblad fokus ons hierdie maand op Pioneer se nuutste bydrae tot plaaslike graanproduksie, 'n nuwe droëland-geelkultivar, P29050PW, wat ontwikkel is vir boere met ons uitdagende toestande in gedagte. In 'n tyd waar elke besluit op die plaas tel, bly genetica en kultivarkeuse een van die belangrikste besluite vir sukses.

Maar tussen al die nuwe tegnologie en ontwikkelings, is dit soms goed om net weer stil te staan en na die groter prentjie te kyk. As boer voel dit party dae of jy teen alles werk – teen die weer, insetkoste, markte en siektes. Die jongste syfers skets egter 'n ander prentjie. Volgens AgriSA se eerste kwartaalverslag het Suid-Afrikaanse landbou 'n rekordhandelsoorskot van \$1,55 miljard aangeteken, die hoogste nog vir 'n eerste kwartaal.

Maar as ek dit deur 'n boer se oë lees, sien ek meer as net die positiewe. Ja, uitvoere het sterk gebly op \$3,30 miljard, maar die werklike rede vir die groter oorskot lê in laer invoere. Met ander woorde, ons het nie noodwendig meer verkoop nie, ons het net minder van buite af nodig gehad. Dit laat 'n mens dink: hoe bou ons verder op hierdie momentum?

Wat wel duidelik uitstaan, is die krag van ons tuinbousektor. Met 55% van alle uitvoere wat uit hierdie segment kom, bly dit die ruggraat van ons landbou-ekonomie. Van sitrus en druiwe tot neute en bessies, dit is produkte wat wêreldwyd hul plek volstaan.

Maar ons weet ook dit is nie sonder sy uitdagings nie. Bek-en-klouseer bly 'n groot struikelblok vir die rooivleis-bedryf, en uitvoere na sekere markte, waaronder die VSA, het skerp gedaal. Ons hoop en bid steeds dat hierdie markte binnekort weer sal oopgaan en terugkeer na normaal sodat ons veeboere ook verligting kan kry.

Ons dink ook steeds aan ons boere wat besig is tydens hierdie strooptyd en mag daar goeie oeste vanjaar afkom!

ProAgri-groete!
Bianca Pretorius
bianca@proagri.co.za

Op ons voorblad

Wanneer elke millimeter reën tel en toestande onvoorspelbaar raak, is die regte kultivarkeuse belangriker as ooit. Pioneer stel hul nuwe droëland-geelkultivar, P29050PW, bekend wat spesifiek ontwikkel is vir Suid-Afrikaanse boere wat onder uitdagende toestande moet boer.



ProAgri

Posbus 72707, Lynnwoodrif /
Rossouwstraat 577
Die Wilgers, Pretoria
079-515-8708
www.proagri.co.za

Copyright © 2026. All rights reserved. No material, text or photographs may be reproduced, copied or in any other way transmitted without the written consent of the publisher. Opinions expressed are not necessarily those of the publisher or of the editor. We recognise all trademarks and logos as the sole property of their respective owners. ProAgri shall not be liable for any errors or for any actions in reliance thereon.

ProAgri

Redakteur tydskrif en aanlyn

Bianca Pretorius > 082-326-2572
bianca@proagri.co.za

Verslaggewers

Natasha Pretorius > 083-468-2653
natasha@proagri.co.za
073-105-6938

Benine Ackermann > benine@proagri.co.za

Loren Howard > loren@proagri.co.za

Taalversorger

Martie Bester > martie@proagri.co.za

Bemerkingsbestuurder

Diane Grobler > 082-555-6866
diane@proagri.co.za

Bemarkers

Tiny Smith > 082-698-3353
tiny@proagri.co.za
Kevin Greef > 078-374-8597
kevin@proagri.co.za

Skeppende bestuurder

Anja Oosthuizen > anja@proagri.co.za

Uitleg en ontwerp

Cara Watson, Stella van Eeden
en Heinrich Jansen

Kliëntverhoudingsbestuurder en navrae

Engela Botha > 084-088-0123
engela@proagri.co.za

Rekeninge

Ronel Schluter > accounts@proagri.co.za

Verspreiding en intekening

Nita Volmer-van Zyl > 079-515-8708
nita@proagri.co.za

Takebestuurder

George Grobler

Inhoudsopgawe / Contents

Voorbladartikel

3. Pioneer se droëland-geelkultivar: P29050PW

Nuus

4. Case IH kraai koning by Stroperreries 2026
7. Suid-Afrikaanse landbou teken hoogste eerste kwartaal-handelsoorskot in geskiedenis nog aan.

Meganisasie

9. New Holland: Krag, presisie en tegnologie: 'n Sleutel tot volhoubare groei in die landboubedryf
12. Titanic Trucking: Relying on scania for over 20 years
14. John Deere 8R, 8RT en 8RX: Die slim keuse om hoë perdekrag effektief te laat werk
17. FAW Trucks Southern Africa launches the new J7 flagship heavy-duty truck tractor: The next generation of long-haul performance
19. Maximising your yield with Valtrac's advanced weed control and seeding linup

Hulpbronbestuur

20. Sonfin help boere om beheer oor hul energie-toekoms te neem

Gewasproduksie

23. Limited offer on Rebelo super heavy bale netwrap

POWER YOUR SMART FARM WITH Polyurethane Panels

Smart farming and precision agriculture aren't just about sensors and data — they rely on the right infrastructure to deliver results.

Polyurethane (PU) panels are the foundation modern farms need to stay efficient, controlled, and future-ready.



CONTACT US FOR QUALITY, DURABLE DOORS AND PANELS

✉ Sales2@glacierdoors.co.za ☎ +27 11 613 8120 🌐 www.glacierdoors.co.za



Glacier
OPENS YOUR WORLD

Pioneer se nuwe droëland-geelkultivar: P29050PW

deur Johan Kock, produklandboukundige, Pioneer Saad

Inderdaad is dit so dat meer witmielies as geelmielies in die westelike produksiegebied verbou word. Die verdeling in terme van droëlandproduksie is nagenoeg 70% wit en 30% geel. Opbrengs en prys speel die grootste rol hierin. In terme van opbrengs het witmieliekultivars tradisioneel die botoon gevoer, maar is tot 'n groot mate ingehaal deur geel genetika wat deesdae soortgelyk presteer.

Aanpasbaarheid, stabiliteit en veral graangehalte is moontlik die rede waarom wit kultivars uit 'n agronomiese oogpunt die meer gewilde keuse is. Die *gentleman's*-ooreenkomste tussen aangrensende boere om kontaminasie tydens bestuiwing te voorkom, plaas ook druk op die keuse van kleur. Prys bly egter die grootste bepalende faktor.

Pioneer ontwikkel deurlopend nuwe geel-kultivars wat geskik is vir die uitdagings wat mielieverbouing in die westelike droëlandgebiede bied. Onder die Corteva-sambreele het Pioneer toegang tot 'n wye verskeidenheid genetiese kombinasies en kiemplasma wat eidelose moontlikhede as werklike oplossings bied.


Daar is tipies genetika met groeiperiodes van 123 tot 129 VRV (vergelykbare reproduktiewe volwassenheid).

Agronomies is die kultivars meerkoppig, het goeie staanvermoë, en is aangepas by verskillende plantpopulasies, ry-konfigurasies, asook verskeie grond- en klimaatstoestande.

Opbrengstabiliteit is duidelik 'n vereiste. Pioneer is bekend vir produkte met diverse genetiese agtergronde. Produkte soos P2362PW is 'n vinnige groeiperiode-geelkeuse (VRV: 123) wat die voordeel van vroeë lewering moontlik maak. In droë jare waar reën eers in laat Desember voorkom, is hierdie genetika kort genoeg om die moontlikheid van ontydige ryp voor stroop te vermy.

Dit beklemtoon dat Pioneer voortdurend genetika en oplossings ontwikkel – ook vir hierdie skynbaar kleiner komponent van die mark in westelike produksiegebiede. Die markbehoefte kan ook oornag verander na geel, en dit word erken. Prys en tendense in die mark bly egter die groot bepalers. Pioneer streef na oplossings vir ons boere en is gereed vir watter rigting die markbehoefte ookal inslaan.

Teen hierdie agtergrond stel ek die nuwe Pioneer-droëland-geelprodukt, P29050PW, voor as 'n opsie vir boere in die westelike produksiegebied.



Figuur 1: P29050PW gelykgestel aan nul in terme van kg/ha-verskil relatief tot ander kultivars.

Die swart lyn in *Figuur 1* hierbo verteenwoordig P29050PW, gelykgestel aan nul in terme van kg/ha-verskil relatief tot ander kultivars.

Die meerjarige data in die westelike produksiegebied toon dat P29050PW uitstekend presteer. P29050PW klop Kompetisie A raketings met 33 kg/ha oor 20 lokaliteite. Dit is merkwaardig dat P29050PW topverkoper-geel-kompetisie-produkte B en C onderskeidelik klop met 2 234 kg/ha (18 lokaliteite) en 1 807 kg/ha (14 lokaliteite). Dit dui op betekenisvolle genetiese vooruitgang om die geel marksegment te dien.

Relatief tot die Roundup-weergawe, P29050R, het P29050PW 830 kg/ha (19 lokaliteite) beter presteer. Dit is 'n bewys dat die toevoeging van PowerCore™-tegnologie die produk betekenisvol bevoordeel het. PowerCore™ is 'n stapelgeenkombinasie wat die mielieplant beskerm teen mieliestronkboorder. Dit bied ook beskerming teen Roundup, wat dit geskik maak vir die meerderheid bestuurstelsels.

Eienskap	Gradering
Meerkoppigheid	1,82
Saailinggroei-krag	S
Staanvermoë	S
Plantlengte (meter)	2,28
Kophoogte (meter)	1,14
Plant- en kopverhouding (%)	50%
Produktiewe spruite (%)	26%
Hektoliter-massa (kg/hl)	75

Die meerkoppigheidsindeks is 1,82. Koppe ontwikkel relatief gelyktydig, wat dui op 'n sterk uitdrukking van koppe op die hoofstam. Graangehalte is uitstekend ten spyte van die voorkoms van witdop (*white capping*). Saailinge is vinnig en eenvormig uit die grond, wat die fondament lê vir 'n top-oes. Staanvermoë is uitstekend.

P29050PW het 'n relatiewe lang groeiperiode en gevolglik word aanbeveel dat die kultivar geplant moet word.

Plantdatums ná 15 Desember moet eerder vermy word. Hierdie genetika is goed aangepas vir alle potensiaaltoestande, maar presteer veral op dieper gronde met goeie waterstoorkapasiteit.

'n Plantpopulasie van 21 000 tot 28 000 plante per hektaar word aanbeveel, afhangend van die potensiaaltoestande.

Die genetika presteer goed op alle grondtipes. Enige ry-konfigurasie (0,91, 1,15 en selfs 0,76 m) is aanvaarbaar.

Plante is sowat 2,28 m lank, met koppe wat ongeveer 50% van die plantlengte gedra word. Met koppe wat op 1,14 m gedra word, is P29050PW maklik stroopbaar.

Gesien teen die agtergrond van uitstekende opbrengs en agronomiese eienskappe, behoort P29050PW deel te vorm van enige geelmielie-kultivarpakket wat in die westelike produksiegebied vir droëlandverbouing geplant word – veral indien vroeë plantdatums moontlik is.



Vir meer inligting oor Pioneer se PowerCore™-tegnologie en mieliekultivars, gaan na www.pioneer.com/za of stuur 'n e-pos na info.rsa@pioneer.com

Case IH kraai koning by Stroperresies 2026

deur Natasha Pretorius



Case IH se Axial-Flow 6150 tydens die veiling.

Na maande se beplanning en weke se voorbereiding het vanjaar se Stroperresies nie teleurgestel nie. Hierdie dag bring verskeie stroper- en tapkarhandelsmerke saam om mee te ding om te kyk wie stap met die louere weg!

Die Grootpan Studiegroep het vanjaar weer hierdie dag met groot sukses op 5 Junie 2026 te plaas Grootpan buite Lichtenburg aangebied. Behalwe vir die wedrenne, was daar ook meer as 99 stalletjies sowel as implement- en trekkerdemonstrasies vir die 1 800 besoekers om te geniet. Daar was ook kunstenaars wat opgetree het om by te dra tot die dag se opwinding en vermaak.

Tapkarresies

Tydens hierdie resies is die tapkarre se vermoëns gemeet op hul uitlaaispoed (60%), kapasiteit (20%), kapasiteit teenoor koste (10%) en ekstras soos die bodemsluis, weegstelsels, seile, waarborg en uitlaaiwurmsluis (10%).

Hier het Agri Afrika se Legend CB40 die eerste plek behaal met 92,61 punte, met BPI se 18-ton-enkelastapkar kort op hul hakke in die tweede plek met 89,66 punte. In die derde plek het die nuwe toetreder, TIY Manufacturing, met hul 20 ton-tapkar vir hulself 'n plek op die telbord verseker met 81,22 punte. TIY Manufacturing het ook op die dag gebruik hul splinternuwe tapkar van 65 ton bekend te stel.

Die Agri Afrika Legend CB40-tapkar is 'n hoëkapasiteit-tapkar met 'n reuse volume van 40 000 liter wat ontwerp is om jou oestyd drasties te versnel deur 'n volledige vrag binne net 2,8 minute af te laai. Sy unieke bakontwerp maak gebruik van swaartekrag om alle graan na die middel te laat vloei, om te keer dat 'n kors vorm of die tapkar blok. Die bak word aanmekaar gesit met los, geboute panele wat keer dat jou bak kraak, terwyl die direkteaandrywing-ratkas sonder kettings of bande instandhouding minimaliseer.

Kategorie	%	BPI	Legend AgriAfrika	TIY Manufacturing	Agricad TF24	JBH
Uittapspoed	60%	57,65	56,36	50,00	45,35	40,65
Kapasiteit	20%	15,66	17,48	16,09	15,66	15,11
Kapasiteit vs Koste	10%	8,36	8,77	6,14	6,85	10,00
Bodemsluis, weegstels, seil, waarborg en uitlaaiwurmsluis	10%	9,00	10,00	9,00	10,00	7,00
Totaal		90,66	92,61	81,22	77,86	72,76

Finale uitslae van die tapkarre.

Stroperresies

Van die groot landbou-handelsmerke het vanjaar weer hul beste voetjie voorgesit, en Case IH, John Deere, CLAAS en New Holland het in die klas-ses-, klas-agt-en ope klas-afdelings van die stroperresies deelgeneem.

Case IH het vir die dag hul Axial-Flow 6150, Axial-Flow 8260 en splinternuwe AF9-stroper saamgebring, terwyl New Holland met hul kragtige CR6.80-, CR7.90- en CR10-stroper meegeding het. John Deere het die kompetisie aangepak met hul S7 600 en S7 800, en CLAAS het ingeskryf met hul Trion 750.

Stroper het teen mekaar meegeding in 'n 400 m-strook mielieland en hul prestasie is gemeet op spoed (50%), gruis onder die sif (10%), materiaal op die tafel (10%), vermorsing agter die stroper (20%) en koppe wat agtergelaat is (10%).

Klas ses

In die klas ses-afdeling het John Deere se S7 600 koning gekraai met 91,52 punte, gevolg deur Case IH se Axial-Flow 6150-stroper met 83,42 punte en New Holland se CR6.80 met 79,17 punte.

Die John Deere S7 600 is 'n gevorderde, hoëtegnologie-stroper wat aangedryf word deur 'n 9,0 liter-enjin met 'n maksimum krag van 249 kW. Die stroper beskik oor 'n massiewe graantenk van 10 600 liter en 'n indrukwekkende uitlaaispoed van 127 liter per minuut. Wat hom laat uitblink, is sy slim outomativering; danksy kameras op die kajuit en satellietbeelde pas die stroper sy eie spoed en instellings outomaties aan volgens die digtheid van die gewas om raanverliese tot die absolute minimum te beperk.

Kategorie	%	CASE IH 6150	New Holland CR 6.80	John Deere S7600
Spoed	50%	37,46	29,77	49,77
Gruis onder sif	10%	7,35	7,65	5,00
Materiaal op tafel/tonne	10%	10,00	10,00	10,00
Vermorsing agter stroper	20%	19,09	4,14	16,77
Koppe gelos/geknip	10%	9,52	0,48	10,00
Totaal		83,42	52,03	91,54

Finale uitslae van die klas ses-stroperafdeling.

Klasagt

Onder die klas agt-stroper het Case IH se Axial-Flow 8260 in die eerste plek geëindig met 88,20 punte, gevolg deur CLAAS se Trion 750 met 86,32 punte en John Deere se S7 800 met 79,17 punte.

Die Case IH Axial-Flow 8260 is ook 'n kragtige, nuwegenerasie-stroper wat toegerus is met 'n massiewe 14 400 liter-graantenk en 'n blitsvinnige aflaaispoed van tot 159 liter per minuut. Sy grootste troefkaart is die ikoniese Axial-Flow-enkeldromtegnologie, wat graan uiters sag drom en skei om graanskade te minimaliseer. Boonop doen die slim AFS Harvest Command-utomatiseringstelsel die dinkwerk deur die stroper en korrek aan te pas, selfs wanneer die stroop-omstandighede verander.

Kategorie	%	Case IH 8260	John Deere S7800	Claas Trion 750	New Holland CR 7.90
Spoed	50%	41,24	45,07	44,63	25,07
Gruis onder sif	10%	7,43	8,00	4,14	7,43
Materiaal op tafel/tonne	10%	10,00	10,00	10,00	10,00
Vermorsing agter stroper	20%	19,53	6,10	14,55	19,82
Koppe gelos/geknip	10%	10,00	10,00	10,00	0
Totaal		88,20	79,17	86,32	62,31

Finale uitslae van die klas agt-stroperafdeling.

Die grootmanne

Besoekers het baie uitgesien na die kompetisie tussen die grootmanne – Case IH se AF9 en New Holland se CR10-stroper. Die wenner van die ope klas-kategorie het vir die volgende jaar spogregte. Hoewel die kompetisie 'n naelbyter was, was dit op die ou einde Case IH se AF9 wat die eerste plek ingeneem het met 'n ongelooflike 99,94 punte uit 100. New Holland se CR10 was net 'n kortkop agter met 97,9 punte.

Die Case IH AF9 is Case se splinternuwe, kragtige klas 9-stroper wat van die grond af herontwerp is. Die stroper spog met 'n enorme graantenk van 16 000 liter (met opsies van tot 20 000 liter) en 'n uitlaaispoed van tot 159 liter per minuut. Die stroper se krag kom van sy parallel-gemonteerde 425 kW enjin wat kragverlies drasties verminder, terwyl die bekende Case IH Axial-Flow-tegnologie opgegradeer is na 'n nuwe AFXL-enkeldrom wat 40% langer is om deurset aansienlik te verhoog sonder om die graan te beskadig. Om alles te kroon, is hy toegerus met dubbel Pro 1200-skerms, Kunsmatige Intelligensie-gedrewe Harvest Command-utomatisering en 'n unieke dinamiese strooier wat gelyk versprei op hellings van tot 27°.

Kategorie	%	Case IH 8260	John Deere S7800
Spoed	50%	50,00	48,46
Gruis onder sif	10%	10,00	9,44
Materiaal op tafel/tonne	10%	10,00	10,00
Vermorsing agter stroper	20%	19,94	20,00
Koppe gelos/geknip	10%	10,00	10,00
Totaal		99,94	97,90

Finale uitslae van die ope klas-stroperafdeling.



New Holland se indrukwekkende stroopers: die CR6.80, CR7.9 en CR10.



CLAAS se Trion 750 suksesvol oor die eindstreep.



New Holland se CR 7.9-stroper op pad na die wegspring toe.

Stroperresies 2026

Dit was egter Case IH wat aan die einde van die dag die beker omhoog kon hou as die algehele Stroperresies 2026-wenner.

Om die dag ekstra spesiaal te maak was daar ook 'n veiling waar boere en besoekers kon biep op die tapkar of stroper wat hulle gedink het die beste sal vaar. Die geld wat hier ingesamel is, word aan liefdadigheid geskenk.

Die Grootpan Studiegroep het elke uitstaller en borg bedank vir hul bydrae tot die dag en gesê: "Sonder julle was die dag nie moontlik nie. Dankie aan André Kock en Seun wat die afslae vir die dag was, asook die Du Preez-vandgoed wat hul plaas vir ons oopgemaak het en hul eie plaasbedrywighede laat stilstaan het om die dag moontlik te maak."

Beplanning vir die 2027-Stroperresies is reeds onderweg, so maak seker jy mis nie hierdie geleentheid volgende jaar nie.

KEEP MOVING IN THE HINO 700

LIMITED TIME

OFFER



**6-YEAR
DRIVE-TRAIN
WARRANTY**

ALL THE WAY.

MODEL SHOWN: HINO 700 2845 TT AMT 6x4

Running a business isn't just about carrying cargo, it's also about carrying responsibility and reputation. The Hino 700 is built to help keep your business reputation in check and to keep you moving when it matters most. With stock available, you can drive off in your Hino 700 2841 or 2845 truck tractor today. Experience advanced safety features suited to your industry and help fuel your business progress. Contact us for a quote or visit www.hino.co.za today.

Suid-Afrikaanse landbou teken hoogste eerstekwartaal- handelsoorskot nog aan.

Artikel voorsien deur AgriSA

Suid-Afrika se landbousektor het in die eerste kwartaal van 2026 'n handelsoorskot van VS\$1,55 miljard aangeteken. Dit is die hoogste eerstekwartaal-handels-oorskot op rekord en verteenwoordig 'n verbetering van 16,1% teenoor dieselfde tydperk verlede jaar, volgens AgriSA se eerstekwartaal-handelverslag. Hierdie verslag ontleed landbou- en landbouverwerkte produkte wat onder die Geharmoniseerde Stelsel (HS) Hoofstukke 1–24 geklassifiseer word.

Die landbou-uitvoere het \$3,30 miljard beloop, wat grootliks in lyn was met die vlakke van die eerste kwartaal van 2025, terwyl invoer met 10,6% afgeneem het tot \$1,76 miljard. Dit het bygedra tot die verbeterde handelsbalans. Hoewel die rekord handelsoorskot bemoedigend is, dui die verslag daarop dat dit hoofsaaklik die gevolg was van laer invoerkoste eerder as sterker uitvoergroei, wat die belangrikheid beklemtoon om momentum in uitvoer-ontwikkeling en markuitbreiding te handhaaf.

Die verslag beklemtoon die voortdurende sterkte van Suid-Afrika se tuinbousektor, wat gedurende die kwartaal 55% van alle landbou-uitvoer verteenwoordig het en sy rol as die ruggraat van die land se landbou-uitvoerekonomie verder bevestig. Sterk prestasies is aangeteken in druiwe, appels, pere, wyn, sitrus, bessies en boomneute. Tuinbou het die grootste bydrae tot Suid-Afrika se landbou-uitvoerprestasie gelewer en beklemtoon

die sektor se belang vir buitelandse valuta-verdienste, werkskepping en markdiversifikasie.

Terselfdertyd bly strukturele uitdagings voortbestaan. Bek-en-klousee (BKS) beperk steeds vee-uitvoer, veral na hoëwaarde-markte in die Midde-Ooste en Asië, terwyl uitvoer na die Verenigde State gedurende die kwartaal met 39,9% afgeneem het. Die verslag wys ook op toenemende uitvoerkonsentrasie in 'n beperkte aantal markte en subsektore, wat die behoefte aan voortgesette diversifikasie en marktoegangspogings beklemtoon.

“Die resultate bevestig die veerkragtheid en mededingendheid van Suid-Afrikaanse landbou in 'n komplekse wêreldhandelsumgewing. Hoewel die rekordhandelsoorskot positief is, beklemtoon dit ook die belangrikheid daarvan om uitvoergroei te versterk, marktoegang te beskerm en biosekuriteitsuitdagings soos bek-en-klousee aan te spreek,” sê Johann Kotzé, uitvoerende hoof van AgriSA.

“Langtermynsukses sal afhang van ons vermoë om uitvoerbestemmings te diversifiseer, betroubare handelsverhoudings te handhaaf en 'n gunstige omgewing te skep waarin produsente wêreldwyd mededingend kan bly.”

Die verslag beklemtoon positiewe ontwikkelings in uitvoerdiversifikasie en marktoegang, insluitend uitgebreide geleenthede in Asië en die Midde-Ooste, terwyl Suid-Afrika hom steeds as 'n betroubare verskaffer van hoëgehalte-landbouprodukte aan wêreld-

markte posisioneer.

Belangrike aanwysers: Kwartaal 1, 2026

- Landbou-uitvoer: VS\$3,30 miljard
- Landbou-invoer: VS\$1,76 miljard
- Landbouhandelsoorskot: VS\$1,55 miljard (*rekordvlak vir 'n eerste kwartaal*)
- Tuinbou se aandeel van uitvoer: 55%
- Vyfjaargroei in die eerstekwartaal-handelsoorskot: 86%

Laai die volledige verslag hier af: AgriSA Quarterly Trade Report, Q1 2026.

Verslag-metodologie:

- Bron: AgriSA Kwartaal 1 2026-Handelsverslag
- Onderliggende handelsdata is afkomstig van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) se doeanedatabasis en is via die AgricultureSA.io-platform ontleed.
- Die verslag dek landbou- en landbou-verwerkte produkte wat onder die Geharmoniseerde Stelsel (HS) Hoofstukke 1–24 geklassifiseer word.
- Produkte soos wol, katoen, bosbouprodukte, huide en velle word van die ontleding uitgesluit.
- Gevolglik kan die totale uitvoerwaardes verskil van ander landbou-handelspublikasies wat breër produkdefinisies gebruik.
- Alle waardes word in Amerikaanse dollar (VS\$) gerapporteer.



DRIPLINE IRRIGATION

Made in S.A.

*Available in Pressure Compensating &
Non-Pressure Compensating, at affordable prices*



Learn more
www.iunlimited.co.za
Wholesale supplier and distributor of a
wide range of irrigation products

Tobie Van Den Heever +27 82 658 6054
Henko Cilliers +27 71 303 8829

FIND YOUR NEAREST DEALER
PTA +27 12 736 2121 | CPT +27 21 946 1194

KRAG, PRESISIE EN TEGNOLOGIE: 'n Sleutel tot volhoubare groei in die landboubedryf

deur Jaco du Preez, bemakingsbestuurder, New Holland



In vandag se moderne landbou-omgewing waar tyd, doeltreffendheid en opbrengs krities is, speel hoëkapasiteit-trekkers 'n sleutelrol.

New Holland se Genesis® T8- en T9-reeks met PLM Intelligence™ bied gevorderde oplossings vir produsente wat maksimum werkverrigting en betroubaarheid vereis.

T9-reeks – maksimum krag vir maksimum skaal

Die T9-reeks is ontwerp vir grootskaalse boerdery waar maksimum trekkrag en kapasiteit vereis word. Met krag van 312 tot 474 kW bied hierdie trekkers ongeëwenaarde werkverrigting vir swaar take soos diep grondbewerking en groot implementwerk.

Die T9 se robuus geartikuleerde driepunt-onderstel verseker optimale kragoordrag na die grond, met verbeterde balans en minder behoefte

aan ekstra gewigte. Dit beteken beter traksie, minder wielglip en laer brandstofverbruik.

MegaFlow™-hidroulika van 428 l/min met ses volledige hidrouliese afstand-beheerkoppelingen en 'n hoë hyservermoë maak dit moontlik om die grootste implemente met gemak te hanteer.

Hierdie vermoë maak dit ideaal vir swaar grondbewerking en groot-skaalse plantwerk.

Die T9 beskik oor gevorderde tegnologie soos Terralock™-traksiebeheer en PLM Intelligence™- konnektiwiteit, wat produktiwiteit verhoog en stilstand verminder deur afgeleë diagnose en monitoring.

Die standaard Terralock™-stelsel bestuur automaties vierwielaandrywing en differensiaalslotte om maksimum traksie te verseker, terwyl dit automaties ontkoppel tydens vervoer of rem.

Net soos die T8, bied die T9 die Ultra Command™-powershift-transmissie met gevorderde funksies soos *Ground Speed Management* vir optimale produktiwiteit en brandstofdoeltreffendheid.

Die T9 se kajuit is 'n premium werksomgewing met Comfort Ride™-kajuitvering, uitstekende sigbaarheid met 360 grade LED ligte, verstelbare SideWinder™ Ultra kontroles met twee IntelliView™12-skerms.

Hierdie ontwerp verseker dat operateurs selfs tydens lang, intensiewe werksdae gefokus en produktief bly.

Met PLM Intelligence™ bied die T9 afgeleë diagnose en ondersteuning, intydse datamonitering en integrasie met plaasbestuurstelsels. Dit verbeter vlootbestuur en verminder stilstand-tyd aansienlik.



Die Genesis® T8-reeks kombineer krag, presisie en tegnologie om 'n ware alles-in-een trekker te lewer.

T9-REEKS KRAG. PRESISIE. INTELLIGENSIE.



Ongeëwenaarde vierwielaandrywing-prestasie.

Die New Holland T9-reeks lewer al die krag en werkverrigting wat jy nodig het – doeltreffend en betroubaar.

Krag: FPT Cursor
13 L-enjins met
312–474 kW,
tot 6% meer as
vorige modelle.

Presisie: Ultra
Command™-volkrag-
ratkas saam met dubbele
12-duim-IntelliView™-
skerms vir volle beheer.

Intelligensie: PLM
Intelligence™ met FieldOps™-
konnektiwiteit vereenvoudig
komplekse take en verhoog
doeltreffendheid.

Hidrouliese Krag:
MegaFlow™ II-hidroulika
lewer 428 L/min met ses
volle afstandbeheer-kleppe
vir die grootste implemente.

Van swaar bewerking tot grootskaalse plantwerk – die T9-reeks is 'n tegnologiese kragreus wat krag, intelligensie en doeltreffendheid in een masjien kombineer.

Die T9-reeks – Gebou om te domineer. Ontwerp om te lewer.



NEW HOLLAND
FieldOps

Lewenslange telematika.

Kontak jou New Holland-handelaar vandag of bel ons:

Paul de Korte (064 752 1613) - KwaZulu-Natal, Mpumalanga
Quintus Smit (082 524 7397) - Wes-Kaap, Noord-Kaap en Oos-Kaap
Eduan Booyens (071 871 8163) - Noordwes, Vrystaat, Gauteng en Limpopo



NEW HOLLAND

SAAM JOU, SEISOEN NA SEISOEN



www.newholland.com/za

Vir huidige aanbiedinge besoek newhollandag.co.za

Genesis® T8 – die veelsydige kragreus

Die Genesis® T8-reeks kombineer krag, presisie en tegnologie om 'n ware alles-in-een trekker te lewer. Met enjinkrag van 195 kW tot by 297 kW, is die reeks ideaal vir grondbewerking, plant en vervoer.

Kopers kan kies tussen die Ultra Command™-powershift of gevorderde Auto Command™ CVT transmissie. Die CVT bied traplose spoedbeheer en optimaliseer werkverrigting deur enjin- en transmissiespoed outomaties aan te pas.

Met 'n gevorderde 328 l/min hidrouliese stelsel en ses afstandbeheerkleppe, is die T8 gereed vir die mees veeleisende implemente.

PLM Intelligence™ en FieldOps™ maak dit moontlik om masjiene intyds te monitor en data-gedrewe besluite te neem.

Die T8 se kajuit is ontwerp vir lang werksdae. Kajuitsuspensie, 'n gevorderde sitplek, 24 LED-ligte reg rondom die kajuit, die SideWinder™ Ultra-armleuning en twee IntelliView™ 12-skerm vir intuitiewe beheer maak lang werksdae gemaklik.

Die twee topmodelle in die reeks is beskikbaar met SmartTrax™-halfspoorstelsels, wat beter traksie, minder grondverdigting en verbeterde stabiliteit bied – veral in nat of sanderige toestande.



Die T9-reeks is ontwerp vir grootskaalse boerdery waar maksimum trekkrag en kapasiteit vereis word.

T8 vs T9 – wat moet jy oorweeg?

Die T8 is ideaal vir produsente wat veelsydigheid benodig wat betref verskeie take, terwyl die T9 gefokus is op maksimum kapasiteit en swaardiens-prestasie. Beide reekse bied gevorderde tegnologie en uitstekende betroubaarheid.

Albei reekse deel ook dieselfde kernfilosofie: meer produktiwiteit deur slim tegnologie, betroubare krag en uitstekende operateursgerief.

Met die Genesis® T8- en T9-reeks bewys New Holland dat moderne trekkers veel meer as net kragbronne is. Hulle is geïntegreerde, intelligente werktuie wat ontwerp is om elke aspek van boerdery te optimaliseer, van veldprestasie tot vlootbestuur.

Of dit nou presisieplanting met 'n T8 of maksimum trekkrag met 'n T9 is, een ding is seker: hierdie trekkers is gebou om produsente te help om meer te doen, meer doeltreffend te werk en uiteindelik beter opbrengste te lewer.

Vir meer inligting,
kontak jou naaste
New Holland-handelaar
of besoek
www.newholland.co.za

TITANIC TRUCKING

HAS BEEN RELYING ON SCANIA FOR OVER 20 YEARS



by Bianca Pretorius

Founded in 2001 in Cape Town, Titanic Trucking is a family-owned business that has grown from a single-vehicle bulk haulier into a trusted name in South Africa's logistics and distribution sector. With a footprint spanning major centres including Johannesburg, Durban and beyond, the company has continuously evolved to meet changing market demands.

Transitioning from bulk hauling to a full-service distribution operation, Titanic Trucking today offers reliable local and long-distance transport, with a strong focus on the warehousing, retail and manufacturing sectors, as well as the specialised handling of general goods. At the heart of this success lies a commitment to operational excellence, supported by a powerful fleet and a long-standing partnership with Scania.

A PARTNERSHIP BUILT FOR PERFORMANCE

As Titanic Trucking expanded its national footprint, the need for a fleet capable of delivering consistent performance, reliability and efficiency became increasingly important. This is where its partnership with Scania has played a defining role.

Brendin Moodley, Operations Manager of Titanic Trucking, explains that the company currently operates a fleet of 15 Scania vehicles, paired with a range of trailer combinations including superlink tautliner trailers, as well as superlink and Technicon trailers for high-value goods.



Part of Titanic Trucking's reliable fleet of Scania trucks, built to deliver consistent performance across South Africa's major transport routes.

"Our fleet mainly comprises R460s, G460s, R560s and R500s," Brendin says. "We needed an OEM that covers the entire country, and Scania has a footprint throughout South Africa, so Scania works perfectly for our business."



Brendin Moodley, Operations Manager of Titanic Trucking, continues to drive the company's growth while strengthening its long-standing partnership with Scania.



Known globally for engineering excellence and fuel-efficient transport solutions, Scania trucks have become a cornerstone of Titanic Trucking's operations, supporting both local distribution and long-haul routes between key economic hubs such as Cape Town, Johannesburg and Durban.

For Titanic Trucking, the partnership with Scania is not only a strategic business decision but one rooted in legacy. "My dad was previously a long-distance truck driver and drove Scania vehicles," Brendin shares. "Because of his experience with the brand, Scania was our first choice."

This foundation of trust has been an important part of the company's growth journey. "When conditions become challenging, you need a partner who can sit with you and navigate difficult circumstances. Scania supported us through the COVID-19 pandemic, which allowed us to keep supporting our staff and keep our wheels turning throughout that period."

Fuel efficiency remains another key advantage. In an industry where margins are closely tied to operating costs, Scania's advanced engine technology and optimised fuel consumption enable Titanic Trucking to remain

competitive while maintaining high service standards.

"The things that stand out the most with Scania trucks are the appeal and the look of the vehicle, the reliability, the fuel efficiency, and most of all the ease of operation," says Brendin. "At Titanic Trucking, our drivers and operational staff see Scania as the number one choice of vehicle."

Driver comfort and safety are equally important considerations. Long hours on the road demand vehicles that reduce fatigue and enhance control, something Scania consistently delivers.

"Scania's driver support tools give us the ability to measure our drivers in real time. This helps us mitigate risk, plan better, manage costs and make operational tasks easier," he explains.

Beyond the trucks themselves, the partnership extends to after-sales support and service. With access to a strong national support network, Titanic Trucking benefits from reduced downtime and complete peace of mind.

"Scania has minimised our breakdowns, which has allowed us to give our clients excellent service," Brendin adds. "What makes Scania different from other brands is the reliability of the vehicles and the excellent service we

receive from their staff. Their support network is without a doubt the best in the country."

This reliability is critical in ensuring that Titanic Trucking can continue operating as a dependable national carrier. "With minimal breakdowns, we can keep delivering on time and maintain our reputation in the market."

Looking ahead, Titanic Trucking is confident that its partnership with Scania will continue to drive its growth.

